



---

# CHRONOLOGIESE VERLOOP VAN 'N LEERDER SE DAG

---

Wees voorbereid, wees paraat, wees gehoorsaam, wees veilig!



**23 JUNIE 2020**  
**HOËRSKOOLOUTENIQUA**

## CHRONOLOGIESE VERLOOP VAN 'N LEERDER SE DAG

1. Staans op! Gryp die dag!
2. Raadpleeg die rooster:
  - a. Kyk watter 2 vakke jy het;
  - b. Kyk in watter groep jy val;
  - c. Kyk hoe laat jy by die skool moet wees;
3. Trek warm aan; Onthou dit is winter; jy kan in 'n lang ry buite staan; vensters gaan oop wees vir goeie ventilasie; ONTHOU "TOE"-SKOENE!
4. Eet 'n goeie ontbyt;
5. Vul die gesondheidsvraelys in en laat jou ouer / voog dit onderteken;
6. Laat iemand jou temperatuur meet (as 'n termometer / koorspen beskikbaar is);
7. As jy gesond is, neem jou rugsak of sak (met 'n band of bande) en pak die volgende daarin:
  - a. Handboeke, skryfboeke en skryfbehoeftes vir die dag
  - b. Handreiniger en wipes
  - c. Genoeg sneesdoekies (tissues)
  - d. 'n Ekstra masker of twee as jy 'n glips (nies!) kry
  - e. 'n lap om mee af te vee
8. Neem jou kosblik of kospakkie;
9. Wees betyds; Probeer eerder vroeër as later kom;
10. Sit jou masker / plastiekbeskermer op en klim in die voertuig;
11. Hou 'n pen byderhand vir ondertekening van die vorm;
12. Stop op parkeerarea naaste aan jou toetsstasie;
13. Klim uit en handhaaf onmiddellik sosiale afstand met ander leerders;
14. Wees vriendelik, rustig en geduldig en beweeg direk na die toetslokaal;
15. Val ordelik in die ry op die geel merkies en wees stemmig;
16. Ontsmet jou hande by die ingang; Moenie jou sak op die grond neersit nie (gevaarlik!);
17. Geen praterij binne die saal nie;
18. Gaan na die naaste oop toetsstasie;
19. Staans regop en stil, sodat jou temperatuur akkuraat gemeet kan word;
20. Kontroleer of die lesing korrek neergeskryf is;
21. Versoek 'n 2de lesing as jou temperatuur te hoog of te laag is;
22. Normale temperatuur is tussen 34,5 en 37,5;
23. Verlaat die lokaal stil en stap rustig direk na jou klaslokaal;
24. Handhaaf 'n veilige afstand van ongeveer 2 meter;
25. Moet aan geen struktuur raak nie;
26. Meld by jou klas aan, val in die ry en plaas die vorm in die houer as jy die klas betree;
27. Gaan sit op die sitplek wat die onderwyser vir jou aandui;
28. Moenie jou sak of kosblik / kospakkie op die vloer neersit nie;
29. Ontsmet jou bank / tafel met jou eie reiniger;
30. Raak gewoon aan jou omgewing en haal rustig asem;
31. Wees rustig tot al die leeders opgedaag het; jy kan selfs met werk begin;
32. Voer die opdragte van die onderwyser stiptelik uit ten opsigte van:
  - a. Selfone
  - b. Kamerverlaat (As jy vroeër die toilet moet besoek, vra toestemming)
  - c. Rusperiodes
  - d. Beweging in klas
  - e. Hoes en nies
  - f. Gebruik van eet- en drinkgoed
  - g. Gereelde sanitering

33. Hou veilige afstand van ongeveer 2 meter tydens klaswisseling;
34. Hou jou masker die hele tyd op;
35. Stap in enkelgelid, agter mekaar; rustig – geen hardlopery nie!
36. Geen besoek aan kleedkamers nie;
37. Geen luidrugtige geselsery of skreeuery nie;
38. Val in die ry voor die volgende klas;
39. Handhaaf die voorgeskrewe veilige afstand;
40. Ontsmet jou hande deeglik;
41. Kry jou sitplek en saniteer dit;
42. Gaan deur al die prosesse soos in die eerste sessie;
43. Verlaat die klas ordelik en gedissiplineerd aan die einde van die skooldag;
44. Handhaaf 'n veilige afstand van ongeveer 2 meter;
45. Moenie in groepies vergader nie;
46. Wag vir jou ouer of voog om jou op te laai;
47. Moet aan geen strukture raak en teen geen muur of paaltjie leun nie;
48. Ontsmet jou skoene en hande voor jy in die motor klim;
49. Verlaat die skoolterrein met jou masker op;
50. Wees rustig en reflekteer oor die dag;
51. Trek jou skoene uit en saniteer dit deeglik;
52. Trek jou klere uit en was dit of hang dit in die son voor dit gewas word;
53. Moenie op 'n bed of stoel gaan sit voordat jy verklee het nie;
54. Was jou hande deeglik met seep en water;
55. Was jou masker;
56. Wees rustig, ontspan en doen 'n paar oefeninge om van die dag se stres ontslae te raak;
57. Wees positief en lewensbly;
58. Eet middagete;
59. Ontspan nog 'n bietjie;
60. Beplan hoe jy jou huiswerk, take en opdragte gaan uitvoer;
61. Begin werk wanneer jy gereed is;
62. Werk gefokus en doelgerig;
63. Kommunikeer met die onderwyser of klasgroep as jy sukkel;
64. Poog om die werk te bemeester deur van die diepleerstrategie gebruik te maak;
65. Lewer altyd jou beste! Dit sal goed genoeg wees! Kry genoeg slaap, want jy het hard gewerk!

**As jy in die groep val wat effens later skool toe kom, neem kennis van die volgende:**

- Jy kan vanaf 07:15 by die toetsstasie regsitreer en direk na jou vaklokaal gaan;
- Die onderwyser sal vanaf 07:15 in die klas wees;
- Jy kan rustig voortgaan met werk nadat jy deur al die veiligheidsprosesse gegaan het;
- Die eerste les begin om 08:30;
- Jy MAG NIE op die skoolterrein beweeg voordat jy geskandeer is nie; **(Teen die wet)**
- Jy MAG NIE op die skoolterrein dwaal nadat jy geregistreer het nie – dit sal as 'n baie ernstige oortreding beskou word binne die huidige veiligheidsituasie; **(Teen die wet)**
- Jy mag nie later as 08:00 die skoolterrein betree nie.